**'n Geduldige hart is stadig om te oordeel, stadig om te praat, en vinnig om te luister**

Tekste: Romeine 8: 31, 1983; Galasiërs 1: 3, 2022; Titus 3: 1-7, 2007; 2 Korintiërs 13: 13, 1983.
Fokus teks: Psalm 37: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 168: 1-3; FLAM 57, Gesang 528: 13; FLAM 34.

---

## AANKONDIGINGS:

- Verjaarsdae: Hartlik Geluk!
- Wen 'n vakansie.
- LEKKER-EET: 27 Junie 2025
- Die Bybel genees: R3,965.13

## LIEF & LEED:

- Dirk Bosman is weer terug in Carstenhof hospitaal, saal 3, kamer 11. Hy sukkel steeds met asemhaling.
- Tannie Lulu Pieterse was by siek en is eers hierdie week oorgeplaas na die mediese saal van die Rose Acres Hospitaal.
- Francois van Eeden is in sy vierde week van rehabilitasie na sy skouer operasie. Hy vorder goed, maar arm moet nog twee weke in die hangverband wees.
- Rina Smit en Elize Swart ontvang steeds behandeling vir hulle kanker. Ons besef hierdie moet baie uitdagende tye wees en daarom doen ons graag voorbidding vir hulle (en hulle geliefdes).

KLOK:

Die klok lui sodat ons emosioneel en intensioneel kan voorberei op die Woordverkondiging.

(Kom ons staan vir die toetrede lied, votum, seëngroet en lofsang)

TOETREDE: Gesang 168: 1-3

VOTUM:

As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees? (Romeine 8: 31, 1983).

SEËN:

Genade en vrede word aan ons geskenk deur God ons hemelse Vader, en die Here, Jesus Christus (Galasiërs 1: 3, 2022). Amen.

SANG: FLAM 57 ~ Die Oorwinningslied

**'n Geduldige hart is stadig om te oordeel, stadig om te praat, en vinnig om te luister**
Tekste: Romeine 8: 31, 1983; Galasiërs 1: 3, 2022; Titus 3: 1-7, 2007; 2 Korintiërs 13: 13, 1983.
Fokus teks: Psalm 37: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 168: 1-3; FLAM 57, Gesang 528: 13; FLAM 34.

---

Vanmore fokus ons eers op DIE WIL VAN GOD: Die wêreld om ons verander vinnig en as ons iets geleer het die afgelope paar jaar, is dit hoe aanpasbaar ons is. Tog is daar 'n deel van ons wat moeilik verander: ons geloofslewe.

Uit Titus is dit duidelik dat dit nie net ons is wat met hierdie verandering sukkel nie, maar ook die gelowiges op Kreta. Daarom behoort Christene op 'n geloofwaardige manier God se genade in hierdie deurmekaar wêreld sigbaar te maak.

Titus 3: 1-7, 2007

1 Jy moet vir die gelowiges sê dat hulle moet onthou om te luister na almal wat oor hulle regeer, hulle moet gehoorsaam wees. Hulle moet altyd gereed wees om goeie dinge te doen.
2 Hulle moenie slegte dinge sê oor iemand nie en hulle moenie daarvan hou om te baklei nie. Hulle moet vriendelik wees en hulle harte moet vol liefde wees vir al die mense.
3 Want voorheen was ons self ook dwaas en ongehoorsaam aan God. Mense het ons maklik verlei. Ons was slawe van baie dinge wat ons graag wou

---

doen, dinge wat lekker is. Ons het lelike dinge gedoen en ons was jaloers op ander mense. Almal het ons gehaat, en ons het mekaar gehaat. [4]Maar God wat vir ons gered het, het toe vir ons kom wys dat Hy baie goed en lief is vir mense. [5]Hy het ons gered, maar Hy het dit nie gedoen omdat óns goeie dinge gedoen het nie. Nee, God het ons gered omdat Hy jammer was vir ons. Hoe het Hy ons gered? Hy het die Heilige Gees gestuur om ons sondes af te was. Hy het ons gemaak soos nuwe mense, Hy het ons gemaak soos mense wat weer gebore is. [6]God het vir Jesus Christus, ons Redder, gestuur om die Heilige Gees vir ons te gee, sodat die Heilige Gees heeltemal oor ons sal regeer. [7]God het ons vrygespreek, Hy was genadig vir ons, daarom kan ons weet en seker wees dat ons die ewige lewe sal kry wat God vir ons belowe het.

GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA: Kom ons bely ons geloof saam met die gelowiges van 1700 jaar gelede...
Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge;

---

en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye;

God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader; deur wie alle dinge ontstaan het;

wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is;

en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;

wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader;

wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel, dié wat nog lewe en

dié wat reeds gesterf het; wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader

en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en

verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete.

Ons glo een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.

Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;

ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu.

INLEIDING:

Die ander aand sit ek by medegelowiges op huisbesoek. Ons praat oor hulle seerkry, verlies en gevoel dat hulle onregverdig behandel word deur mense (en dalk selfs deur God). Hulle is skoon moedeloos as hulle aan die verlede dink en het nie veel hoop vir die toekoms nie. Toe gee die Here vir hulle Psalm 37 deur ‘n kort Whatsapp groepie wat hulle volg. Dié lewensverhaal van medegelowiges het my aangegryp, dit klink hoeka soos ‘n bekende storie ~ my storie, jou storie, die kerk se storie, ons storie. Daarom het ek intens geluister en saam met hulle weer deur Psalm 37 gelees. Vandag deel ek met

julle iets van hierdie geloofservaring, iets van hierdie God-storie.

Psalm 37 is ’n wysheidspsalm (‘n Psalm van Dawid). Dit fokus op die kontraste tussen die regverdiges aan die een kant en die goddeloses van hierdie wêreld aan die ander kant. In teenstelling met baie ander psalms wat klaagliedere of lofprysings bevat, is hierdie psalm eerder ’n meditatiewe besinning oor wat reg en onreg beteken, oor mense wat God dien teenoor mense wat Hom verwerp.

Dawid begin die psalm met ’n oproep aan gelowiges om te waak teen die soeke na wêreldse voorspoed ~ dit is wat goddelose mense doen, maar hulle sukses is tydelik. Soos gras wat verdor, sal hulle uiteindelik vergaan. Hy moedig die leser aan om op God te vertrou, goed te doen, en vreugde in die Here te vind.

Die psalm wonder oor temas soos vertroue, geduld, en geloof in God. Dit leer dat die pad van die regverdige

soms swaar is, maar uiteindelik geseënd is. Terwyl goddeloses kortstondig mag floreer, wag daar ’n ewige erfenis op dié wat reg doen en op die Here wag.

Psalm 37 bied troos en leiding aan gelowiges wat moedeloos raak oor die onreg en wêreldse voorspoed van ongelowiges. Dit roep ons as gelowiges op tot ’n lewe van nederigheid, vertroue en regverdigheid, met die belofte dat God getrou sal bly aan sy kinders. Hierdie psalm is nie net ’n bemoediging nie, maar ook ’n riglyn vir kinders van die Here.

SKRIFLESING: Psalm 37: 1-8, 1983

1Van Dawid. Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel
oor skurke nie, 2want soos gras vergaan hulle gou en
soos groenigheid verdwyn hulle sommer.

3Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.

4Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.

5Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
6Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.
7Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.
8Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.

PREEK:

Psalm 37 is ‘n wysheidspsalm. 'n Wysheidspsalm fokus op wysheid, insig en die regte manier van leef ~ om te lewe volgens die wil van God. Hierdie groep psalms is didakties van aard — dit wil sê, hulle is bedoel om onderrig te gee. Voorbeelde van wysheidspsalms sluit Psalms 1, 37 en 73 in. Beeldspraak en vergelykings word ingespan om diep geestelike waarhede oor te dra, en hulle moedig lesers aan om God se pad te kies. betekenisvolle lewe.

In plaas daarvan om God se dade in die geskiedenis of persoonlike nood te beskryf, soos klaagliedere of lofpsalms, fokus wysheidspsalms op tydlose beginsels. Hulle dien as morele riglyne en bied ’n goddelike perspektief op reg en verkeerd. Dikwels herinner hulle gelowiges daaraan dat God uiteindelik geregtigheid sal laat seëvier, selfs al lyk dit nie altyd so in die huidige wêreld nie. Deur wysheidspsalms leer gelowiges hoe om in ooreenstemming met God se wil te leef, en hulle word aangemoedig om geduld, vertroue en gehoorsaamheid te beoefen.

Daar is daai woord weer ... GEDULD. In ’n geestelike of Bybelse konteks beteken dit dat ’n hart gevul met geduld ook ’n hart is wat op God vertrou. Geduld is ’n vrug van die Gees (Galasiërs 5:22), en dit word beskou as ’n teken van wysheid, liefde en innerlike krag. ’n Geduldige hart is stadig om te oordeel, stadig om te praat, en vinnig om te luister — eienskappe wat Bybelse wysheid sterk aanmoedig.

---

Ek herhaal: ’n Geduldige hart is stadig om te oordeel, stadig om te praat, en vinnig om te luister. Dit is wat die skrywer, Dawid, ons wil leer. Wees stadig om te oordeel, stadig om te praat, en vinnig om te luister.

Elke dag gebeur die wêreld rondom ons. Dit raak ons emosioneel en spiritueel. Ons kan nie van die vinnige en stukkende wêreld van ons tyd ontsnap nie. Ons moet immers in hierdie wêreld woon, werk en oorleef. Dit is soms ‘n harde en onregverdige wêreld. Elke dag gebeur die wêreld rondom (en in) ons.

Dikwels laat ons toe dat wat in die wêreld rondom ons gebeur, en wat ander mense sê en doen, ons gemoed bepaal. Daarom ontstel ons ons dikwels oor dinge wat buite ons beheer is. In my gedagtes kom een so ‘n ding op ... kleiner wordende gemeentes. Daar is soveel redes (buite ons beheer) hiervoor, maar ons lê nagte om en onsself kasty.

Die uitdaging bly om nie op hierdie dinge (die stukkende wêreld om ons) te fokus nie. Wanneer ons op hierdie dinge fokus sal ons ontsteld raak, sal ons selfs kwaad (woedend) raak, sal ons teleurgesteld raak, sal ons verkeerde dinge begin doen en sê.

Selfs Habakuk sê as ons so na ons lewe kyk, is dit vir ons oorlewering nodig om ons fokus te verskuif na God. Ons moet weer fokus daarop om in God se hand te lewe. Wanneer ons dan terugkyk na dit wat ons gedoen en gesê het, gaan dit daarvan getuig dat ons nie meer liefde vir God of ons naaste het nie.

In Psalm 37 gebeur die wêreld met die skrywer. Hy ervaar uiters moeilike tye in sy lewe en daar is bitter moeilike omstandighede wat hy te bowe moet kom. Ons weet nie regtig wat al hierdie uitdagings, aanvegtings of beproewings was nie, maar ons weet koning Dawid, ervaar die uitdaging om te sien hoe goddelose mense voorspoedig is terwyl regverdiges dikwels swaarkry. ’n Ander uitdaging wat Dawid aanspreek, is die versoeking

om kwaad terug te doen of jaloers te raak op die sukses van die onregverdiges.

Nou daai ken ons ook mos! Dit is nou as ons eerlik genoeg met onsself kan wees. Dit maak ons soms bitter kwaad, en ons sê en doen dinge wat maar eerder kon gebly het. Dinge wat nie getuig van ‘n God-fokus nie (nie getuig van liefde vir God en liefde vir jou naaste nie).

Dawid fokus in hierdie deurmekaar en seer tyd op God. Hy gebruik geduld, ja, geduld! Hy gaan vind weer die rustigheid en wysheid by God. Ons lees in hierdie Psalm: vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort (37:3) ... vertrou in stilte op die Here, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende (37: 8).

Iets meer van hierdie manier van optrede vind ons by Jesus self. In Lukas 6 leer Jesus sy volgelinge om die onreg en verkeerde dinge wat gebeur, te ontmasker deur die doen van goeie dinge, nie deur haat en vergelding nie. Behandel ander mense soos julle self behandel wil word

(Lukas 6: 31, 1983). Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is (Lukas 6: 36, 1983).

Ek sluit af met die volgende woorde: ‘n Geduldige hart is stadig om te oordeel, stadig om te praat en vinnig om te luister.

Amen.

GEBED:

SANG: Gesang 528: 1-3

VADERSDAG:
Die Bybel leer ons van vaderskap. Daar is baie om te leer, maar vandag staan ons stil by vier kenmerke van ‘n Bybelse vader:

1. ‘n Bybelse vader is geduldig.
2. ‘n Bybelse vader is liefdevol.
3. ‘n Bybelse vader is vergewensgesind.
4. ‘n Bybelse vader het sy prioriteite op die regte plek.

SEËN:

Die genade van die Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by ons almal wees. Amen (2 Korintiërs 13: 13, 1983). Amen.

SANG: FLAM 34: Daarom